

Skriflesing: Jeremia 2:10-13; Johannes 7: 37-39

Teks: **Jeremia 2:13; Johannes 7:37b,38**

Sing – VOORAF: Ps. 42:1,2

TYDENS EREDIENS: Ps. 105:1,2; Ps. 86: 1,6; Ps. 128:4; Ps. 105:3,22,24; Sb. 10-2 (28b)

Jeremia 2:10-13

Jer 2:10 Gaan na die Kittiereilande toe en kyk 'n bietjie, stuur boodskappers na Kedar toe en dink goed na: Het daar al ooit so iets gebeur,

Jer 2:11 dat 'n nasie sy gode verruil het, selfs al was hulle geen gode nie? Maar my volk het My, hulle magtige God, verruil vir gode wat nie kan help nie.

Jer 2:12 Selfs die hemel moet daarvoor skrik en beef en sidder! sê die Here.

Jer 2:13 My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie.

Johannes 7: 37-39

Joh 7:37 Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!

Joh 7:38 Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei."

Joh 7:39 Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie.

Skriflesing: Jeremia 2:10-13; Johannes 7: 37-39

Teks: **Jeremia 2:13; Johannes 7:37b,38**

Sing – VOORAF: Ps. 42:1,2

TYDENS EREDIENS: Ps. 105:1,2; Ps. 86: 1,6; Ps. 128:4; Ps. 105:3,22,24; Sb. 10-2 (28b)

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die babatjie wat ons vandag gedoop het, ja elke mens wat vandag in hierdie Kerk is, elke mens wat deur hierdie uitsending hierna kyk en luister, elke mens het 'n binneste. In die oorspronklike taal is daardie woord wat Jesus in Johannes 7 vers 38 vir binneste gebruik, het die woord ook die betekenis van 'n holte of 'n leegte. Dis die woord **κοιλία** - dit wat jou maag en al jou binneste organe insluit. Iets hier binnekant jou wat daarna verlang dat dit gevul moet kan word. Daardie binneste, daardie holte of leegte binne jou en my, ja ook in Tjaart se liggaampie, 'n lewe wat vandag gedoop kon word. Die klein liggaampie wat soos hy groter word geestelik 'n al hoe groter binneste gaan word, iets wat hunker en smag en dors na water wat nie uit 'n kraan getap kan word nie, al is hy vandag met kraanwater gedoop.

Ons het vanoggend ook in ons voorsang kon sing Psalm 42, in die Bybel lees ons Psalm 42 ...

(42:2) Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. 2 (42:3) Ek dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn? Ons het hierdie dors in ons wat onuitspreeklik swaar kan word, dit wat Jesus vir jou en my ook vanoggend weer uitnooi, 38 Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei. "

Hier noem Jesus so duidelik die **κοιλία**, ja as ons Jesus se woorde mooi na luister en toepas dan

is dit iets wat jou moes invloei, besondere water wat jou binneste moes invloei om weer by jou ook te kan uitvloei.

Jesus is Self-met die Woord van God besig as Hy hier praat- *dit (is) soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.* In Johannes is dit ook duidelik dit wat Jesus aangryp en ons moet aangryp is dit wat op die Loofhuttefees gebeur en Jesus sluit direk by hierdie fees aan. Wanneer Israel tydens die fees, op die heel laaste dag van die fees water by 'n fontein gaan skep, water kom nou in 'n kruik of bak op die feesterrein aan, die water word in die Israel fees, simbolies op die klipaltaar uitgegooi, as simbool van God het water uit 'n klip in die woestyn laat uittap.

Op daardie moment, op die presiese oomblik wat Israel met hulle ou geskiedenis besig was, dan maak Jesus die geskiedenis nuut. Soos wat Jesus ook met die Pasga beker tydens die paasmaaltyd gemaak het, Hy wat daardie ou betekenis oombliklik nuut kan inkleur en laat spreek as Hy van die ou beker praat, terwyl Hy dit vashou en voor Hy dit gaan uitdeel sê Hy, dit is ... (hierdie beker) simboliseer die Nuwe Testament, die nuwe verbond in my bloed ... Nou met die water storting op die dooie klip, dadelik maak Jesus dit duidelik. Hy is nou daardie klip wat lewe, die klip gaan lewendig word ... wat die klip van die dood gaan wegrool, wat sal gee, dat waar Hy nou die rots is waaruit water kan vloei, ek en jy en Tjaart ook eendag so 'n rots moet kan wees, waaruit water uitvloei, meer en groter as die water hom vandag opgedrup.

Watter besondere fees was die Loofhuttefees nie. Dit kon ook genoem word die fees van die waters ... 'n fees wat sewe dae lank aangehou het. Die Loofhuttefees was ook 'n herinneringsfees, ja die belang van herinnering, om weer te onthou, het ons by Nagmaal verlede Sondag gehad. Israel word tydens die fees herinner, hulle herdenk groot en belangrike dinge in ons lewens. Min dinge wat in enige mens se lewe belangriker kan wees as water! Israel kan onthou hoe God hulle vir 40 jaar deur 'n kurkdroë woestyn laat trek het, ja die Loofhuttefees was eintlik ook iets van 'n Eksodusfees, wat vir Israel herinner hoe God in die woestyn waterwonders gedoen het. Maar die Johannes-evangelie is eintlik ook van hoek tot kant gevul met waterwonders!

Het u al opgemerk Johannes 6 en 7 het ook elke maal iets van water in die oog. Ja, ek wil so vêr gaan om te sê daar is amper geen hoofstuk in die Johannes-evangelie wat nie ook 'n water-verband kry nie. Johannes 1, Jesus se doop, dit met water, Johannes 2, Jesus maak uit water die lekkerste wyn, Johannes 3 jy moet uit water en Gees gebore word, anders kan jy nie die koninkryk ingaan nie, Johannes 4, die Samaritaanse vrou gaan skep water by 'n put, Johannes 5 die man by die waterbad van Bethesda, 'n man wat al 38 jaar lank by die waterbad gelê het, Johannes 6, Jesus loop op water, Hy loop op die see en nou Johannes 7, die Loofhuttefees, die fees van die waters, wat in besonder herdenk hoe God uit 'n rots in die kurkdroë woestyn water kon laat uitloop.

Ja, eintlik is Johannes 6 en 7 digby bymekaar. Land en see kom bymekaar. God se Eksodus met sy volk wat Hy deur die Skelfsee deur gelei het, die volk het op droë grond deur die see kon stap, so het God sy volk reddend tegemoetgegaan. Nou kom Jesus ook deur 'n see, néé op die see na sy dissipels aangestap, Hy wat Jesus is, is hier ook die God wat sy dissipels op die stormsee kan tegemoet stap. Hy stap na hierdie mense in nood. Hy stap nie net deur die water heen nie, Hy stap bo-op die water, want Hy is God. Hy alleen wat my vanuit my doop vandag kan laat hoor ... *Jy kan ook op water staan ...* waar Jesaja nog geprofeteer het ... Jesaja 43:2: *2 As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie ...* Uit dieselfde doop mag jy hoor, ja op Jesus se laaste waterfees op aarde, die Loofhuttefees, wil Jesus hê die see moet nie net na jou kan aanstroom nie, maar in werklikheid moet daar uit jou strome van lewende water kan vloei. Die see van God se liefde en genade moet uit jou en my kan uitstroom.

Strome lewende water sal uit sy binneste vloei ... (het Jesus gesê) maar het u die voorwaardelike gelees, broeder en suster, daar moet geglo kan word, teen jou eie logika in moet ek en jy wil glo. Dit wat vir jou onwerklik mag lyk is nie vir God onmoontlik nie. Dit wat ons nie kan bereken nie, moet nie dink dit is vir God ook onberekenbaar nie. *Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.*

Wie in hierdie pandemie-tyd net met sy verstand wil glo, maar daar is nie werklik vertrou in God nie, sit met 'n groot probleem. My verstand wat my wil wysmaak, die virus sal en kan my doodmaak, ja dit kan gebeur, dit gebeur daaglik, honderde ... duisende sterf daaglik, wie is ek

dat dit nie met my kan gebeur nie ... maar ek moet in die tyd op water kan loop. Ek moet daarop wil loop. Ek moet wil glo die Eksodus moet nou ook vanuit my binneste gebeur, 'n uittog uit my hart, jy wat ook soos God se Seun uit die Egipte van jou lewe moet kan stap. Dis God wat steeds sê ... *uit Egipte het ek my Seun geroep*. Jy word ook vandaar geroep. Die baba se doop is 'n bevestiging ons is reeds ons eie Egipte uitgelei.

Daar moet water nie net na my aanvloei nie, maar ook uit my kan uitvloei, want ons vertrou op die Here moet groter wees as ons kamtige logika, wat koue dooie klip logika kan word. Ons vertrou moet meer wees as koue verstandelike berekening van as ek kerk-toe kom, kan ek die virus optel, maar die strate is vol mense, winkelsentrums is vol, is hierdie dan net 'n kerklike virus?! Mense sal moet oordink wat is my logika op die stadium, sonder dat ek onverskillig mag raak. Jy moet op water kan staan, dit moet uit jou kan vloei ...

Hoe 'n groot onverskilligheid het in kerke ingetree omdat daar nou maar sito-sito aanvaar word kerklike verantwoordelikhede sal eers weer regkom en normaal nagekom word as die virus sy wyk geneem het. Dis baie onverskillig en die koninkryk en Christus se liggaam, sy Kerk, word aan die virus ondergeskik gestel, want hier is 'n boosheid aan die werk wat ons die kragte daarvan nie moet onderskat nie!

Ja, dit word vir my al meer iets van die slegte wat ons vandag ook in Jeremia 2 van gelees het. *13 My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie.* Broeder en suster, watter baie slegte ruil vind nie hier plaas. Mense is wel dorstig maar hulle is dwaas. God die lewende fontein, die bron van lewende water word verlaat en tog wil die mens by water uitkom, maar hy kap vir homself 'n waterbak. Hy wil nie by die fontein sy lewe begin en eindig nie, maar by 'n klipbak wat nou sy waterbak is, dit wat word 'n waterbak wat gebars is wat nie water kan hou nie. Dit raak vêr verwyder van die springende lewende water wat Jesus genoem het, uit ons holtes, uit ons binneste ook moet kan vloei. Dis nie alleen 'n baie slegte ruil nie, maar inderdaad iets van 'n dubbele dwaasheid.

Die fontein van lewende water, die Drie-Enige God in Wie se Naam Tjaart ook vanoggend gedoop is, Hy die Vader, die Seun en die Heilige Gees, Hy word verlaat, ja dis die eerste dwaasheid want om God te verlaat is al so dwaas, maar om dan nog vir jouself 'n bak te probeer uitkap word die tweede dwaasheid, dubbele dwaasheid waarteen Jeremia ons waarsku. En dit doen mense in 'n tyd wat hulle eintlik die lewende water, dit wat vanoggend se doopwater ook moes afbeeld so verskriklik nodig het.

Hoe dors, hoe leeg, hoe gebars word so baie mense nie in hierdie tyd nie, want hulle eie waterbakke lyk dalk aanvanklik mooi en goed en reg maar ai hoe gou kom die barste van die lewe, so vinnig loop die watertjies wat onself 'n holte voor wou skep eenvoudig weg. Terwyl daar uit die holtes, uit jou binneste 'n ander bron van water kan wees, dit behoort so te wees. Presies soos Jesus dit op die Waterfees, die Loofhuttefees beloof dat strome lewende water uit ons moet kan vloei. Dat jy ook by wyse van spreuke op water sal kan loop, deur die see sal kan stap as hierdie lewende water wel in jou is.

Jeremia praat nie maar saggies heen oor hierdie verlaters van die fontein nie, nee hy gebruik 'n woord wat sterk staan. Want wie die fontein verlaat en vir hulleself waterbakke wil uitkap is besig om God te grieve. Grief wat verband hou met smart aandoen, ja God word hartseer gemaak in wat die mens doen. In ons land, in ons kerke gebeur daar sekerlik ook nou dit wat God hartseer maak. Dit wat God grieve ... In 'n tyd wat ons hierdie lewende fontein so nodig het, is so baie mense besig met die slegste ruil wat daar kan wees, om die lewende fontein te verlaat en met eie reëls en regulasies vir hulle waterbakke te probeer uitkap. Hoe langer en verder die menslike regulasies gaan, hoe meer kom ons ons beperkinge agter, al hoe meer begin ons eie klipbakke die water te verloor wat onself probeer opdam het. Terwyl ek nie vir die Gees 'n opdamming kan wees nie, maar God verwag dat ons, om die beeld te gebruik, 'n deurvloeiing vir sy Gees moet wees, water wat uit jou binneste moet kan vloei.

Daar waar water vasgekeer word, net heelyd opgedam word, raak dit oud en stinkend en kan giftig word, ja so begin dieselfde water wat veronderstel is om lewe te gee begin sulke water die lewe te verswelg en maak dit dood. Dis die probleem met wat so baie tans beleef dat die lewende water reeds verlaat is. Hoe baie staan voor hulle eie gebarste reënbakke wat hulleself

uitgekap het maar daar is geen water nie. Daar is droogte, gebarste krake in my reënbak word gebarste lippe op my mond, so dors dat ek nie meer oor die fontein gepraat kry nie. Dit word 'n bose kringloop! Ons begin na ander reënbakke te gryp, soek mensgemaakte troos en allerlei soetsappige gesegdes maar die werklike fontein van die lewende God se lewende Woord vloei nie meer deur my nie. Ekself het nie meer die fontein in my binneste wat wil uitspring en teen ander opspring nie. Mense trek al meer terug, ander dobbel, ander begin dink my geld en my plaas en my vee, dis my reënbakke, terwyl dit eintlik maar net my bietjie water daarbinne is en dit nie by werklike reën uitkom nie. Die reënbak is klaar gebars al reën dit dan nou ook!

Broeder en suster, mag ons die Here vra dat dit by vandag se waterbak, by hierdie doopbak nie die geval sal wees nie. Bewaar ons tog om die slegste ruil wat daar kan wees, hierdie dubbele dwaasheid nie oor vandag se doop heen te pleeg nie. Dit wat God grief nie! Mag die Fontein van lewende water, ja God self ons binneste laat oopbreek dat ons soos 'n fontein terugbeweeg na Sy Woord, na Sy Kerk, ja na die lewe wat werklik vir God saakmaak. Dan word onself die lewende fontein wat Jesus van gepraat het. Dan besef ons wat Jesus ook gesê het, in jou verskriklikste dors, kom na Hom toe, kom na die waters en wie geen geld het nie, kom koop, ja kom koop sonder geld en sonder prys meer as net die lewende water, want die water kan word wyn dit wat Jesus met water kan doen, Hy maak daar wyn van. Dit kan word melk, ja jou Kanaän wat die ander Kanaän ontmoet wat genoem is die land van melk en heuning.

Mag dit oor die lewe van hierdie kindjie so oopbreek, dat die water waarmee hy gedoop is spreek van die lewende fontein van God se genade waarin hy gedoop kon word. Mag God hierdie kindjie en ons bewaar in hierdie tyd wat so baie reeds besig is om God te verlaat en hulle kap waterbakke deur slimmer te probeer wees as wat God se Woord ons leer. Hoe baie probeer water op te gaar in 'n klipbak wat nie altyd water kan hou nie, pleks om te gaan skep waar die water nooit ophou vloei nie, ja soos Kuruman se oog, Diep binne die aarde bly dit net aanhou vloei en vloei en dit breek oop en vloei net nog weer. Iets van daardie oog, mag dit hierdie kindjie se binneste word maar mag jou en my binneste ook so 'n oog wees wat net wil vloei.

AMEN